



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD VIRTUEEL
GEHOU OP VRYDAG, 27 FEBRUARIE 2026 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Warnick, A K (DA)
Ngozi, M (ANC)	Williams, A M (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	White, G E (PA)
Papier, J R (GOOD)	
Penxa, B J (ANC)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, open die vergadering met gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin en G Vermeulen (as gevolg van probleme om virtueel in te skakel).

3. SAKE VIR BESPREKING

3.1 RAADSLIDVERGOEDING: 2025/26 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Die verhoogde toelaes en byvoordele vir raadslede vir die 2025/2026 finansiële jaar is per Goewermementskennisgewing 7159 afgekondig in Staatskoerant 54179, gedateer 20 Februarie 2026.

3.1/...

Die verslag tot die sakelys en aanhangsels bevat die finansiële implikasie vir Swartland Munisipaliteit as 'n Graad 4 plaaslike owerheid – daar is voldoende begroot in die 2025/2026 finansiële jaar om die verhoging terugwerkend te implementeer.

Die Speaker noem dat skrywes gestuur is aan CoGTA en SALGA insake die onregverdige wyse waarop die basis van raadslidvergoeding hanteer word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en (in die afwesigheid van twee raadslede) word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermenskennisgewing 7159 soos afgekondig in Staatskoerant 54179 gedateer 20 Februarie 2026, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as 'n Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2025/26 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2025/26 bedryfsbegroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2025;
- (c) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Item 18 van die Goewermenskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word, teen nie later nie as 21 April 2026;
- (e) Dat, sodra bevestiging vanaf die Minister van Plaaslike Regering ontvang word, die administrasie versoek word om die raadslidvergoeding so spoedig moontlik te implementeer.

3.2 VOORGESTELDE VERLENGING VAN DIE GOEDGEKEURDE LANGTERMYN-HUURTYDPERK TEN OPSIGTE VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327 (TANS ONGEREGISTREERDE ERF 15701), MALMESBURY (12/2/B)

Die Raad is bewus van die Sonkragaanleg wat beoog word op ±30 ha van Erf 327, Malmesbury en was daar reeds 'n publieke deelnameproses deurloop insake die voorneme om die gedeelte grond aan die aangewese IPP-ontwikkelaar (*Independent Power Producer*) te verhuur.

In die voorbereiding van die betrokke dokumentasie, onder andere die PPA (*Power Purchase Agreement*) is bepaal dat begin- en einddatum van die huurtermyn en PPA nie dieselfde periode kan wees nie, aangesien die konstruksie-, bedryfs- en ontmantelingsfases van die aanleg in ag geneem moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die voorheen goedgekeurde huurtermyn van 20 jaar (Raadsbesluit van 25 Mei 2023) verleng word tot 'n minimum van 22 jaar en 'n maksimum van 25 jaar, om voorsiening te maak vir die konstruksie-, bedryfs- en ontmantelingsfases van die IPP-aanleg;
- (b) Dat 'n nuwe openbare deelnameproses onderneem word ten opsigte van die verlengde huurtermyn;
- (c)/...

3.2/...

- (c) Dat die huurooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en die aangewese IPP-ontwikkelaar aangegaan word vóór die aanvang van die PPA;
- (d) Dat die finale huurtermyn en huur (nie minder nie as R405 000.00 per jaar, onderhewig aan aanpassing vir inflasie) bepaal word op grond van:
 - Inligting ontvang deur die RFP-proses;
 - Voorleggings deur die aangewese IPP-ontwikkelaar; en
 - Direkte onderhandelinge met die aangewese IPP-ontwikkelaar ingevolge die MFMA en die Batevervreemdingsregulasies;
- (e) Dat die mandaat wat voorheen aan die Munisipale Bestuurder verleen is, herbevestig en uitgebrei word om uitvoering te gee aan die hersiene huurtermyn;
- (f) Dat die nuut opgemete erf, naamlik Erf 15701 Malmesbury, in die akteskantoor geregistreer word ter voorbereiding van die opstel en registrasie van die notariële huurooreenkoms.

3.3 KLIPFONTEIN BIODIVERSITEITSKOMPENSASIE (ERF 12353 MALMESBURY): MAGTIGING VAN MUNISIPALE BESTURDER OM MEMORANDUM VAN OOREENKOMS TE ONDERTEKEN (15/3/1)

Die Klipfontein Country Estate is 'n residensiële ontwikkeling in Malmesbury wat 'n Omgewingsmagtiging (*Environmental Authorisation*) vereis wat, onder andere, insluit 'n biodiversiteitskompensasie. Spesialis ondersoek het aangedui dat Erf 12353, Malmesbury geskik is as biodiversiteit-afsetgebied.

Die Memorandum van Ooreenkoms tussen die onderskeie partye is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Memorandum van Ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit, Malmesbury Property Developments (RF) (Edms) Bpk en Nature Connect met betrekking tot die biodiversiteitskompensasie vir Erf 12353, Malmesbury, goedgekeur word; en
- (b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om verdere (nie-wesenlike) wysigings, indien nodig, aan te bring en om die Memorandum van Ooreenkoms namens Swartland Munisipaliteit te onderteken.

**GETEKEN:
SPEAKER**